# Eerste verkenning van 'n nuwe elektroniese wêreld

*JLVS History reference library*
J.L. van Schaik Akademiese Uitgewers
Hatfield (Pretoria)
Junie 1999.
ISBN 0 627 02427 0
R299.95 (BTW ingesluit).

Die bestudering van geskiedenis is lank nie meer 'n steriele proses van kommunikasie tussen die leser en die teks nie. Die veelkantigheid van die teks as primêre dokument en die verstaansproses wat daarin opgesluit is, dwing die historikus voortdurend tot die besef dat die 'lees' van die verlede 'n interpretatiewe denksprong verteenwoordig wat ver bo enige subjektiewe denkaannames kan uitstyg. Hierdie komplekse intellektuele proses het in die afgelope dekade - weens die omwenteling in die elektroniese inligtingstegnologie - nog meer dimensies gekry. Byvoorbeeld, wanneer die leser 'n teks in meer as een taal kan lees en daarby ook aan oudio-visuele beelde blootgestel word, verdiep dit sonder twyfel die verstaansproses. Belangriker nog, dié tipe verkenning van die verlede is nou vir enigeen toeganklik wat oor rekenaarfasiliteite beskik.

Dit spreek dus vanself dat die uitgewery JLVS 'n pluimpie verdien vir die onderneming om hul elektroniese *History reference library* op kompakskyf die lig te laat sien.

Nie minder nie as 11 van die jongste uitgawes van werke, waarvan die meerderheid tekste is wat reeds op universiteitsvlak gebruik is, word in dié pakket aangebied. Dit sluit in die algemene geskiedeniswerke van die redakteurs T. van Wijk en S.B. Spies, *Western Europe from the decline of Rome to the Reformation,* Van Wijk en M.C. van Zyl se *Europe 1555-1848,* Van Wijk en M. Boucher se *Europe 1848-1980* en W. Schellack en S.B. Spies se *Europe since 1848.* Sedert die vroeë tagtigerjare het menige voorgraadse student aan Suid-Afrikaanse universiteite, veral Unisa, hierdie werke bestudeer.

Wat die Suid-Afrikaanse geskiedenistekste betref, bevat die kompakskyf *Vyfhonderd jaar - Suid-Afrikaanse geskiedenis* (in Afrikaans en Engels) onder die redaksie van C.F.J. Muller, H.J. van Aswegen se *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (in beide Afrikaans en Engels, saam met die studiegidse) asook B.J. Liebenberg en S.B. Spies se *South Africa in the twentieth century.* Vakkundiges sal hierdie werke wat elkeen 'n bepaalde identiteit as historiografiese rekord van 'n bepaalde tydstip in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing verteenwoordig, handig vind.

Ingesluit in die versameling is J.M. Rantete se *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa.* Om die lees en verstaanproses nog meer opwindend te maak, word die nuwe grondwet van Suid-Afrika in beide Afrikaans en Engels gegee. Daar is ook die nuttige handleiding van I.M. Rautenbach en E.F.J. Malherbe, *Wat sê die grondwet?,* ook in Afrikaans en Engels. 'n Leemte mag moontlik wees dat minstens een grondwet van Suid-Afrika (bv. dié van 1910, 1961 of 1984) as vergelykende teks bygevoeg moes word. Maar dan, dit is in elk geval vir die student van die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika moontlik om hierdie materiaal (reeds elektronies beskikbaar) op te diep.

Al die tekste het, vanweë die politieke oorgang van die negentigerjare, reeds 'n bepaalde historisiteit. Daar is selfs sprake van gedateerdheid. Dit is miskien juis 'n pluspunt. Vir die ondernemende intellektuele historikus wat 'n studie van 'n aantal Suid-Afrikaanse historici en hul interpretasies van die geskiedenis wil maak, is hierdie 'n waardevolle en handige werktuig om vindingryke eksegetiese soektogte te loods.

Die grootste praktiese waarde van die materiaal is egter gesetel in die feit dat dit indrukke van die geskiedenis van Suid-Afrika en Europa aan 'n Suid-Afrikaanse leserspubliek bied. 'n Gemeenskaplike verwysingsraamwerk wat uit die plaaslike kultuurbodem ontspring, het die vermoë om byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse leser op 'n besondere manier met die geskiedenis van Europa in verbinding te bring. Veral vir die voorgraadse student is die versameling boonop 'n koste-effektiewe manier om met 'n stewige aanvangsbiblioteek in geskiedenis te begin. Gegewe die pryse van universiteitshandboeke, is die kleinhandelprys van die kompakskyf (sowat R300) billik.

Een nadeel is dat die student nou meer geredelik daartoe in staat gestel gaan word om plagiaat te pleeg. Die dosent sal dus buitengewoon noukeurig moet let op moontlike kopiëringstegnieke. Daar is egter wel ook 'n kontrole-meganisme. Deur bloot 'n stuk teks te kopieer en dit dan met behulp van die "find"-funksie op die skyf te soek, sal die nasiener wel daartoe in staat wees om plagiaat na te speur. Nog 'n speurmiddel is die outomatiese verwysings wat in die sagteware ingebed is. Dit is egter noodsaaklik om kennis te neem dat ons tans besig is om totale nuwe media in die proses van geskiedenisnavorsing te gebruik. Plagiaat is dus een van die euwels wat voorlopig verduur moet word. Daar is soveel ander terreine, veral op die Internet, waar die student nog makliker kan plagiaat pleeg - én daarmee kan wegkom. Dit sal dus net werklik die verbeeldinglose student wees wat Van Schaik se gegewens op kompakskyf gaan oordra.

Belangriker is die kanse dat hierdie elektroniese stelsel nou, in samehang met 'n magdom argiewe op die Wêreldwye Web (WWW) vir die student die ruimte gaan skep om interessante interaktiewe studiestukke voor te berei.

Die *JLVS History Reference library*-kompakskyf moet teen 'n breë agtergrond beoordeel word. Elektroniese publikasies het dit moontlik gemaak vir die leser om toenemend integraal met materiaal om te gaan. In hierdie verband stel die werk nie teleur nie. Daar is interessante oudio-visuele lêers op die skyf beskikbaar. Dit sluit in skaars beeldmateriaal van president Paul Kruger en die Anglo-Boereoorlog, Louis Botha, Uniewording, die Rebellie (1914) en Wêreldoorlog I, generaal J.C. Smuts, die goudstandaard, arbeidsonrus, generaal J.B.M. Hertzog, die Nasionale Party, die vlagkwessie, die depressie, totstandkoming van die Verenigde Party, en Wêreldoorlog II (1939-45), die besoek van die Britse koningsgesin in 1947, die NP oorwinning van 1948, die ontstaangeskiedenis van apartheid, dr. D.F. Malan, adv. J.G. Strijdom, die Kleurlingstemregkwessie, dr. H.F. Verwoerd, Sharpeville, die moord op dr. Verwoerd, die Rivoniaverhoor, en die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika (1961).

Belangriker nog is die meer onlangse videomateriaal van buitengewoon belangrike politieke toesprake. In hierdie opsig is veral 'n 1977-onderhoud van B.J. Vorster op televisie, P.W. Botha se Rubicontoespraak (1985), F.W.de Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990, N.R. Mandela se inhuldigingstoespraak in Mei 1995

en president T. Mbeki se "African Renaissance"-toespraak (1998) van besondere belang. Die bundel bevat ook die SABC se "TRC Special Report" wat moontlik een van die beter riglyne is vir die verstaan van 'n baie komplekse proses in die eietydse geskiedenis van Suid-Afrika. In totaal is die oudio-visuele afdeling buitengewoon omvangryk. Daar is meer as twee ure se beeldmateriaal op die skyf.

Indien *JLVS History reference library* as voorgeskrewe werk vir geskiedenisstudente aan universiteite voorgeskryf word, sal daar meer as genoeg ruimte wees vir verantwoordelike en vrugbare studies - veral vir studente wat by wyse van korrespondensie voorgraadse studies aflê. Vir die plaaslike gemeenskapsbiblioteek is die prys ook reg en bied die kompakskryf 'n goeie kans aan een en almal om ten minste tot die elektroniese geskiedenismedia toegang te kry. Die *History reference library* is hoogs toeganklik. Dit is gebaseer op die Logos inligtingstelsel wat maklik op 'n persoonlike rekenaar met Windows 95, Windows 3.1 of Windows NT gelaai kan word. Soektogte van bepaalde tekste is ook maklik om te doen. Dit is veral vir gewone nie-spesialis gebruiker van die rekenaar moontlik om maklik op die stelsel in te gaan. Vir diegeen wat haakplekke ondervind is daar 'n e-pos- en webadres waar hulp vrylik beskikbaar is.

Indien hierdie Van Schaik se eerste verkenning van 'n opwindende nuwe gebied van geskiedenispublikasies is, kan daar maar net een konstruktiewe voorstel wees: *Doe zoo voort!* Moet asb. net nie nalaat om nuwe opwindende en verkennende geskiedeniswerke te publiseer nie. Die dissipline van geskiedenis maak dit juis moontlik vir elektroniese publikasies om maksimaal te ontwikkel.

Johann Tempelhoff

*PUCHO (Vaaldriehoekkampus)*